**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

19 Januarie 2024

Geagte Ouers

**DIE AKADEMIESE UUR OP WOENSDAE**

Hiermee belangrike inligting in verband met die akademiese uur. Dit is vir ons as skool ŉ voorreg om u in te lig dat ons ŉ akademiese intervensie plan implimenteer. Die doel van hierdie plan is om leerders wat moontlike akademiese tekorte het te help en sodoende die algehele standaard van akademiese prestasie in die skool te verhoog. **Daar is geen ekstra koste hieraan verbonde nie.**

**1. HOE WERK DIE UUR?**

Alle personeel sal op Woensdae van 14:00 – 15:00 in hul klasse beskikbaar wees vir ekstra akademiese onderrig. Leerders kan die uur gratis bywoon. Hier word die leerder gehelp deur uitdagende konsepte te behandel om sodoende beter te presteer en moontlike agterstande in ŉ spesifieke vak in te haal. Tydens die sessies word daar register gehou vir amptelike bewys van bywoning. Indien ŉ leerder by meer as een vak die ondersteuningsprogram moet bywoon, sal daar ŉ spesiale reëling deur die betrokke vakpersoneel met die leerder getref word.

Die sessie kan ook deur ŉ vakpersoneellid gebruik word om sieketoetse in te haal. Tydens hierdie sessie gaan daar geen ander buitemuurse afrigting plaasvind nie. Alle leerders kry dus die geleentheid om van hierdie ondersteuningsprogram gebruik te maak.

**2. WANNEER VIND DIT PLAAS?**

Die datums vir die akademiese uur is reeds in die leerders se dagboeke aangedui. Die uur vind op Woensdae van 14:00 – 15:00 plaas. Die uur vind nie in eksamentye plaas nie.

**3. MOONTLIKE BOTSINGS MET AMPTELIKE SKOOLAKTIWITEITE**

Daar is uitsonderlike gevalle waar daar wel op Woensdae sekere amptelike buitemuurse geleenthede (soos bv. tennis of landloop) plaasvind. In só ŉ geval sal leerders wat verplig is om die uur by te woon en ook aan ŉ byeenkoms moet deelneem vrygestel word van die akademiese uur. Die verpligte leerder moet egter by die betrokke vakonderwyser verskoning aanbied.

**4. WIE MAG/MOET DIE UUR BYWOON?**

Dié uur is vir **alle** leerders (graad 8 – 12) beskikbaar gestel. Leerders wat voel dat hulle met sekere konsepte sukkel, is welkom om tydens die uur by hulle vakonderwyser/s ŉ draai te maak.

Leerders wat egter nie na wense presteer nie en moontlik die risiko loop om 'n vak te druip, gaan verplig word om hierdie uur by te woon. Die vakonderwyser/s sal die geleentheid gebruik om die nodige ondersteuningswerk met die leerder te doen. Die leerder se betrokke vakonderwyser sal 'n brief aan die leerder gee waarin die nodige inligting vervat is. Afhangend van leerders se vordering en akademiese prestasie, sal daar kwartaalliks heroorweging geskied om te bepaal watter leerders versoek gaan word om die uur by te woon, al dan nie.

Die skool doen 'n beroep op ouers om ons in hierdie positiewe akademiese program te ondersteun om sodoende ons leerders se akademiese vordering te verbeter. Baie dankie vir u voortgesette samewerking en ondersteuning om u kind se akademie 'n prioriteit te maak. U is welkom om enige navrae rondom hierdie aangeleentheid aan me H van Staden vanstadenh@oos-moot.co.za te rig.

Oosie groete

FH PARKER
WAARNEMENDE HOOF

H VAN STADEN
WAARNEMENDE ADJUNKHOOF